BRAHMAN PRESTASIETOETSING

Hoekom is Prestasietoetsing so belangrik? Om die diere te identifiseer volgens hulle genetiese samestelling, sodat spesifieke produkte aan die verskillende markte voorsien kan word. Om dus hierdie diere te kan identifiseer, moet ons weet wat die genetiese samestelling van elkeen is. BTWs (Beraamde Teelwaardes of *Estimated Breeding Values*) is die uitdrukking van genetiese meriete vir elke eienskap van 'n dier. Volg die riglyne onder om die nodige inligting te versamel vir elke diere sodat teelwaardes bereken kan word.

WANNEER	WAT om te MEET	HOE	HOEKOM	BTW- Geskatte Teelwaarde
Konsepsie	**Parings**: Natuurlik, KI (gesinchroniseer of nie), Embrio Oordrag, In Vitro.	Dien Paringsinligting in via Dae tot Kalwing spreivel of HerdMaster.	Verskaf BTWs vir Dragtigheidslengte en Dae-tot-Kalwing, voorspellings van Vrugbaarheid.	DC – Dae tot Kalwing GL – Dragtigheidslengte
Geboorte van Kalf	**Geboorte Massa**: Weeg kalf binne 24 uur na geboorte.	Dien volledige geboorte-kennisgewing in, sluit Skedule O vorm in indien Embrio Oordrag of In Vitro. Gebruik Excel spreivel, Aan-lyn, Geboorte Boek, HerdMaster	Hierdie inligting vorm die Dierrekord, waaraan al die ander inligting gekoppel word. Voorsien Geboorte Massa teelwaarde.	BW – Geboorte Massa
Speen op 200 dae (verwys na die gewig, nie die fisise verwydering van die kalf van die moeder)	**Speengewig**: 80 tot 300 dae, gewoonlik rondom 7 maande. Neem **Temperament**, **Skede/ Naelvel** punte. Weeg **Volwasse Koeigewig**.	Dien gewigte van kalwers en moeders in, asook Temperament, Skede/Naelvel puntings. Gebruik Weights & Traits spreivel, Kantoor Weegvorms, HerdMaster.	Verskaf teelwaardes vir WW, Doc. Inligting vir SKede/Naelvel word ingesamel, geen BTWs word tans bereken. Verskaf BTWs vir MCW.	WW – Speen Massa Doc – Temperament SH – Skede/Naelvel, huidig geen teelwaarde. MCW – Volwassw Koeigewig
Jaar-oud gewig op 400 dae	**400 Dae gewig**: van 301 tot 500 dae, gewoonlik rondom 12 maande. Neem **Skrotum Omtrek** vir bulle (300 tot 700 dae) sowel as **Heuphoogte** vir bulle en verse. Lewendige Skandering vir **Karkas eienskappe** (300 tot 800 dae)	Dien gewig in, asook Skrotum Omtrek, en Heuphoogte. Gebruik Weights & Traits spreivel, Kantoor Weegvorm of HerdMaster. Om 'n Skanderingsbesoek te skeduleer, kontak die Kantoor.	Verskaf teelwaardes vir YW, SC. Inligting vir Heuphoogte word ingesamel, geen BTWs word tans bereken. Verskaf teelwaardes vir CW, EMA, Rib-, Romp-vet, RBY%, IMF%.	YW – Jaar-oud Massa SC – Skrotum Omtrek HH – Heuphoogte – huidig geen teelwaardes CW – Karkas Gewig EMA – Oogspier Oppervlakte Rib-vet Romp-vet (P8) RBY – Verkoopbare Vleis-opbrengs IMF% - Binnespierse Vet %
Finale Gewig op 600 dae	**600 Dae Gewig**: 500 tot 900 dae, gewoonlik rondom 18 maande, neem Skrotum Omtrek indien nie gemeet tydens jaar-oud gewig.	Dien gewig in, asook Skrotum Omtrek meting (indien nie vantevore gedoen, een meting is voldoende vir analise).	Verskaf teelwaardes vir FW en SC.	FW – (Finale) 600 Dae Massa

RFI Toetse – Neem kennis dat *Net Feed* nie in die tabel ingesluit is nie. Hierdie is 'n aksie wat nie op die plaas plaasvind nie en moet via die Kantoor geskeduleer word. Ingesluit is die toetsdatums van die verskillende LNR toetssentrums asook die toets protokol.

Karkas inligting – ten einde inligting in te win vir Skeurkrag (Shear Force), 'n skatting van vleissagtheid, versoek ons lede om ons in kennis te stel indien u beplan om groepe diere na die Slagpale te stuur. Hierdie toets kan slegs gedoen word op 'n werklike vleismonster (15cm deursnit uit die lende spier in die omgewing van die laaste 3 ribbes). Die berekening van 'n **Vleissagtheid** BTW is afhanklik van die insameling van genoegsame rekords. Kontak asb. die Kantoor vir meer inligting hieroor.

Genotipes *is spesifiek belangrik siende daar ons nou probeer om genoeg rekords te versamel om 'n gekombineerde evaluasie met Australië en Namibië te inisiëer vir die produksie van GEBVs (Genomies Ondersteunde Teelwaardes). Namate die gebruik van Mirko-sateliete oorbodig raak, sal die oorskakeling na genotipering baie gou noodsaaklik word. Kontak asb. die Kantoor vir meer inligting hieroor.*

Volledigheid van Prestasie Inligting – al die bogenoemde inligting dra by tot u ster-toekenning. Elke kudde ontvang 'n ster-toekenning op 'n skaal van 0 tot 5 (ingesluit half-sterre) wat die volledigheid van u prestasie data opsom, en wat sodoende onmiddelik leemtes in die data uitwys.

WAAR VIND EK die Excel Templates vir die Indiening van Data: - (onthou dat die Brahman webtuiste slegs in Engels is)
(Alternatiewe metodes van Indiening – HerdMaster, Geboortekennisgewing (BN) Boek, Kantoor Weegvorms (op aanvraag))

- Excel spreivel vir Geboortekennisgewings: Brahman web (www.brahman.co.za) Tuisblad / Geboortekennisgewings
- Excel spreivel vir Gewigte & Eienskappe: Brahman web / Ras Inligting / Rasverbetering / Templates
- Excel spreivel vir Paringsinligting: Brahman web / Ras Inligting / Rasverbetering / Templates

Gebruik ook **HerdMaster** – 'n Volledige Plaas Bestuursprogram, ten volle versoenbaar met die Genootskap se Registrasieprogram, in staat om alle formate na die Kantoor te stuur. Kontak Jeanine by 012 667 5258 vir inligting.

Vir inligting / aankoop van skale, brandysters, immobiliseerders, ens., kontak Tal-tec (telefoon 012 250 2188, e-pos jenny@taltec.co.za).

Kontak die Kantoor met enige Vrae rakende Prestasietoetsing: info@brahman.co.za / 051-446 4619